


Die sewe Gemeentes!



Open 2:1 Skryf aan die engel van die gemeente in **Éfese**:

Open 2:4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Open 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

Die sewe gemeentes van Openbaring.

1. **Éfese** - Die liefdelose kerk.

Éfese beteken ook verslap. Die getroue en lojale kerk, maar met een groot tekortkoming.

Open 2:1 Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: **Dit sê** Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:

Open 2:2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;

Open 2:3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.

Open 2:4 Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Open 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

Open 2:6 **Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat,** wat Ek ook haat.

Open 2:7 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die** gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.

Hulle het hul eerste liefde verloor. Daardie eerste werke vir Christus wat met entoesiasme en groot opgewondenheid gedoen is as bewys van hul liefde vir Hom. **'n Kerk vol godsdienstige programme,** maar sonder liefde. Koud en gevoelloos.

2. Smirna - Die vervolgte kerk.

Die bevreesde kerk, wat vervolgd word ter wille van Jesus, Christus. Smirna beteken bitterheid of mirre.

Open 2:8 En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:

Open 2:9 Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is **nie, maar 'n sinagoge van die Satan.**

Open 2:10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Open 2:11 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die** gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

Vervolging en vrees het hul getuienis begin stilmaak. Hulle was later te bang om te getuig uit vrees vir die vervolging wat sou volg.

Waarskynlik was hierdie gemeente ook gevestig in 'n armoedige buurt. Geld en besittings was maar min.

3. Pérgamus - Die Kompromitterende kerk.

Die fouterende kerk. Op die drumpel van die hoofkwartiere van die Satan.

Open 2:12 En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: **Dit sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:**

Open 2:13 Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.

Open 2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het **wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n** struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Open 2:15 So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.

Open 2:16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

Open 2:17 **Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.**

Pérgamus beteken – huwelik. **Hierdie gemeente was wel ‘n getroue kerk, maar hulle was te verdraagsaam teenoor die valse kerk. In die gemeente was daar mense van “die leer van Bileam wat Balak geleer het om ‘n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.” “So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte, wat Ek haat. “**

Die “Nikolaiëte” is mense wat die Evangelie verwater. Hulle staan met die een voet in die kerk en die ander voet in die wêreld. Hulle wil die Pastoor voorskryf wat en waaroor hy mag preek en hoe om die gemeente te bestuur. Terwyl GOD self sê dat Hy daardie tipe lering HAAT. Pastore moet by GOD hoor wat en waaroor hulle moet preek, nie by ‘n mens nie. Geen gemeenteraad of gemeentebestuurs-struktuur behoort soveel mag te hê dat dit aan die pastoor kan VOORSKRYF hoe, wat en waar die woord van GOD bedien mag word nie!!!!

4. Thiatíre – Die afvallige en korrupte kerk.

Thiatíre beteken **“to be ruled by a woman.” Dit beteken ook dogter. Hierdie kerk word regeer deur ‘n vrou, wat ‘n valse leerstelling verkondig—en hulle laat dit toe. Hulle verdra dit.**

Open 2:18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: **Dít sê die Seun van God wat oë het soos ‘n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:**

Open 2:19 Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Open 2:20 **Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself ‘n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.**

- Open 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.
- Open 2:22 **Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.**
- Open 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.
- Open 2:24 **En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal** wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.
- Open 2:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.
- Open 2:26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,
- Open 2:27 **en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed** word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
- Open 2:28 **En Ek sal hom die môrester gee.**
- Open 2:29 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.**

Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. In hierdie gemeente het die werke, liefde, diens en **lydsaamheid met die jare vermeerder, maar hulle laat 'n** false leerstelling in die kerk toe. God verwag van ons om aan Hom gehoorsaam te bly op **'n daaglikse/uurlikse basis. Hierdie false** leerstelling [Isébel] **word in ons kerke ingebring deur 'n man/vrou wat beweer dat hy/sy 'n profeet/profetes is. Baie gemeentelede word op hierdie manier mislei om te glo dat God nou iets “nuut/anders” doen, en so word hierdie leerstelling aangehang.**

Volgens die Bybel was daar 'n handjie vol kinders van God [“**almal wat hierdie leer nie het nie**”] wat by die oorspronklike/Bybelse leer gebly het.

5. Sardis – Die geestelik sterwende kerk.

- Sardis beteken “ ‘n kosbare steen.”** Dit beteken ook oorblyfsel. Dit was die *‘vrugtelose’* kerk, as gevolg van hul geestelike *‘doodshied.’*
- Open 3:1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: **Dit** sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.
- Open 3:2 Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.
- Open 3:3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou **afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom** nie.
- Open 3:4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.
- Open 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
- Open 3:6 **Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.**

Hierdie gemeente het die naam dat hulle leef, maar in werklikheid was hulle geestelik dood.

[Volgens statistiek vind daar in 27% van vandag se kerke, in ‘n jaar se tyd, geen bekerings plaas nie.]

Dan sê God vir hierdie gemeente: **“Wees wakker** en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en **bekeer jou.**” Ook in hierdie gemeente was “enkele persone wat hulle klere nie besoedel het nie”.

6. Filadelfia - Die kerk van broederliefde.

Hierdie brief is geskryf aan God se waarlik, getroue kerk. Waar Goddelike beginsels geseëvier het.

- Open 3:7 En skryf aan die engel van **die gemeente in Filadelfia**:
Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
- Open 3:8 **Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur** gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.
- Open 3:9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.
- Open 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.
- Open 3:11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.
- Open 3:12 **Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my** God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.
- Open 3:13 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die** gemeentes sê.

Die rolmodel kerk, die getroue getuie kerk, die Skrif gefundeerde **kerk met krag en mag**. “Want jy het min krag (in jouself) en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.” Hierdie gemeente het nie in haar “**ei krag**” gestry nie, en dit is die ideale situasie vir God om Sy krag ten toon te stel. [2Kor 12:9 En Hy **het vir my gesê**: My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring.] **Hulle het God se Woord/Bybel bewaar** – dit bestudeer, ondersoek en toegepas in hul lewens. Dit is per slot van sake die “**hand-leiding**” van die “**vervaardiger**” van die mens. HY [GOD] **behoort mos te weet wat die beste vir sy “produkt” is!** Dit is baie dom van ons om nie Sy “**handleiding**” te lees en toe te pas in ons lewens nie!

7. Laodicense – Louwarm kerk.

Grieks “Laos-dike” = menseregte. Die **“in die mode”** kerk. Aan hierdie kerk is beslis niks **“outyds, verkrimp, of verkrimp”** nie. Die tragedie is net, hierdie kerk maak die Here siek.! Dit maak Hom naar!

Open 3:14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: **Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie**, die begin van die skepping van God:

Open 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

Open 3:16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. [Direk uit die Grieks vertaal, **is dit eintlik “braak” en nie spuug nie.**]

Open 3:17 **Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.**

Open 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.

Open 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Open 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Open 3:22 **Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.**

Hierdie louwarm gemeente is vol selfregverdiging. Elke verkeerde **ding in hul lewens en gemeente regverdig hulle, soms self met ‘n skriffie uit die Bybel.** Die selfgesentreerde kerk van menseregte! **“Ek laat my menseregte in die kerk geld.” Ek het ook die reg om te luister na dít waarvan ék hou, en te doen**

waarvan ék hou, ook bínne in die kerk. Dáárom staan Jesus buite, by die deur en klop! Daar is nie meer vir HOM plek in die KERK - wat veronderstel is om SYNE te wees - nie.

Pryswaardige kwaliteite van elke gemeente:

- (1) Open 2:2 Ek ken jou [Éfese] werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;
Open 2:3 en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.
Open 2:6 Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.

Hierdie gemeente het dus probeer om 'n suiwer godsdiens te handhaaf, met 'n skrifgefundeerde leer. Hulle het sonder moegword gearbei vir die HERE en dan ook die leer van die Nikolaïete gehaat, en dit het Jesus se goedkeuring weggedra.

- (2) Open 2:9 Ek ken jou [Smirna] werke en verdrukking en armoede maar jy is [geestelik] ryk en die lastering van die **wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge** van die Satan.

Hierdie gemeente ondervind waarlik Christus se erfporse van vervolging, wat op ons weg na die hemel lê. Ten spyte daarvan en armoedige omstandighede, het hulle vasgehou aan hul geloof en die werke gedoen wat van die kinders van God verwag word. Dit **moes 'n baie arm gemeente gewees het, aangesien dit hier uitdruklik genoem word, maar in geen ander brief nie.** Christus het hul verdrukking én hul getrouheid raakgesien. Hy noem hulle ryk, geestelik ryk – ryk in die geloof, goeie werke en in die guns en genade van God.

- (3) Open 2:13 Ek ken jou [Pérgamus] werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my

Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon

‘n **Gemeente wat**, tenspyte van vervolging, aan die naam van Christus en die geloof in Hom vashou, selfs terwyl een van hulle mede broers, doodgemaak is ter wille van sy geloof. Suiwer Christene, standvastig in hul geloof.

(4) Open 2:19 Ek ken jou[Thiatíre] werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.

Die gemeente van Thiatíre het hul liefde teenoor God en mens uitgeleef in diens van die mensdom. Hulle het geduldig alle beproewings verdra en hul geloof het aldeur gegroei en sterker geword. Geestelik het hulle ook sterker geword.

(5) Open 3:1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.

Open 3:4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

Dit lyk werklik of Christus by Sardis NIKS kon kry wat aanbevelenswaardig was nie, **behalwe** “enkele persone wat **nie hulle [geestelike] klere besoedel het nie**”. Hierdie gemeente het die naam dat hul lewe, maar in werklikheid is hulle DOOD.

(6) Open 3:8 Ek ken jou[Filadelfía] werke. Kyk, Ek het voor **jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy** het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

Open 3:9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat

hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

Open 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in[King James Version: From] die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Hulle het God se Woord bewaar, ondersoek en in hul lewens toegepas, en Sy Naam nie verloën nie.

(7) Open 3:15 Ek ken jou werke [Laodicense], dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!

‘n Haglike toestand! Nie koud genoeg om hulle te bekeer nie, maar tog ook nie warm genoeg om voluit vir die Here te lewe nie.

Dit wat die Here teen die verskillende Gemeentes het.

(1) Open 2:4 Maar Ek het teen jou [Éfese] dat jy jou eerste liefde verlaat het.

Daardie vurige liefde vir God, Christus en medemens. Die eerste liefde, waar almal een van hart en een van siel saamgewerk het. Hulle doen nog alles wat hul behoort te doen, maar nie in liefde nie. Hierdie liefde het verkoud as gevolg van - liefde vir die wêreld; die begeerte vir gemak, en die vryheid van aanstoot en vervolging; verdeeldheid onder mekaar en foute wat in die kerk/bediening **ingesluip het. Dit het ‘n vormgodsdienst geword.**

(2) Smirna: In hierdie skrifgedeelte kan NIKS spesifiek vind wat God teen hierdie gemeente hou nie. [Hier word net genoem dat hul vyande, moontlik die wat hulle vervolg, voorgee dat hulle Jode is, **terwyl hulle dit nie is nie, en God noem sulke mense “‘n sinagoge van die Satan”.**]

(3) Open 2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou[Pérgamus]: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het **om 'n** struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Open 2:15 So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.

Hierdie leer van Bileam het iets bavat wat 'n struikelblok in die gemeente was. Dit het moontlik veroorsaak dat mense in sonde geval het, dit het gelowiges ontmoedig en ongelukkig gemaak. Dit het onteenseglik goedkeuring geheg aan praktyke wat verkeerd was in die oë van die Here. Gelowiges was aangemoedig om afgodsfeeste by te woon en selfs daaraan deel te neem. Geliefdes, onthou! Om in die geselskap van mense te wees wat korrupte beginsels en praktyke handhaaf is nie vir God aanvaarbaar nie. Gelowiges behoort sulke mense glad nie in hul lewens te akkommodeer nie.

1Tim 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie. Hou jou rein.

Die leer van die Nikolaïete **sluit in, 'n afgewaterde Evangelie; 'n een** voet in die kerk, een voet in die wêreld lewe, en dat die pastoor voorgeskryf word waaroor daar in die gemeente gepreek mag word. Hulle **staan 'n uiters onheilige leerstelling voor en beoefen onheilige praktyke.**

(4) Open 2:20 Maar Ek het enkele dinge teen jou [Thiatíre] ; dat jy **die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem,** toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

Open 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Open 2:22 Kyk, **Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as**

hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

Open 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en **Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.**

Open 2:24 **En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is**, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

In Thiatire het ons te doen met 'n leer waarin “die dieptes van die Satan” leer ken word. Isébel, was 'n vrou wat **haarself 'n profetes** genoem het. **Eerstens behoort dit nie nodig te wees vir 'n profeet/profetes om die “titel” onder mense se aandag te bring nie.** Dit behoort vir almal duidelik sigbaar te wees! Hierdie **“profetes” was 'n baie invloedryke vrou met 'n sterk ooredende persoonlikheid**, wat sy gebruik het om mense te beïnvloed om deel te neem aan hierdie afgodspraktyke. Soos haar Ou Testamentiese **naamgenoot was sy 'n bose verleidster, en vervolger van die gesalfdes van God.** Sy het die Naam van die Here gebruik om hierdie valse leerstelling te versprei. Ongelukkig kry ons vandag ook te doen met die manifestasie van die gees van Isébel, waar misleiding gebruik word om die kinders van die Here betrokke te kry in okkultiese praktyke binne in die kerk, en in die naam van Jesus.

(5) Open 3:2 Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou [Sardis] werke nie volkome voor God gevind nie.

Open 3:3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, **sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.**

(6) Filadelfia: Die modelgemeente waarmee God skynbaar geen probleem gehad het nie.

(7) Open 3:16 Maar nou, omdat jy [Laodicense] lou is en nie

koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug [Grieks – braak].

Open 3:17 **Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.**

Die gemeente van Laodicense was ‘n gemeente vol selfregverdiging. Hulle het gemeen dat hulle ryk was, maar in werklikheid was hulle geestelik bankrot; hulle was geestelik beklaenswaardig; geestelik naak – geen kleed van geregtigheid nie; geestelik blind – **vir die behoeftes van ‘n verlore-gaande mensdom.** Hulle het slegs ‘n gedaante van godsaligheid gehad - 2Tim 3:5 “**mense wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.**” Selfregverdige, ongevoelige, onbetrokke lidmate.

Kerklidmate wat God vurig liefhet, is betrokke in hul kerk. Hulle doen wat hulle kan doen; ondersteun almal in alles; is getrou in hul kerkbywoning en finansies; is betroubaar in alle take wat **hulle vir die kerk verrig, om maar net ‘n paar punte te noem.** Hulle doen alles **“asof vir die Here self” !**

Die Here se advies aan die Gemeentes:

- (1) Open 2:5 **Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.** Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.
- (2) Open 2:10 **Vrees vir niks wat jy sal ly nie.** Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. **Wees getrou tot die dood toe,** en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.
- (3) Open 2:16 **Bekeer jou;** anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.
- (4) Open 2:25 **Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek**

kom.

- (5) Open 3:3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.
- (6) Open 3:11 Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.
- (7) Open 3:18 Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en **salf om jou oë te salf**, sodat jy kan sien.
- Open 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.
- Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Ons moet daarop let dat die Here hier met Gemeentes/Kerke praat, nie met sondaars buite die kerk nie. Uit die sewe gemeentes moet Hy aan vier van hulle sê om hulle te bekeer. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het; Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit; is wenke wat die Here nodig ag om aan die gemeentes te gee, m.a.w. onthou hoe julle dit in die OUYD gedoen het, aan die begin, en doen dit weer so!

Dis werklik tragies, maar JESUS staan by die KERK se deur en klop om binnegelaat te word. Behoort die kerk dan nie aan Hom nie? Hy sal nooit die deur oop forseer om in te gaan nie. Hy laat die keuse aan ons oor. IS JESUS NOG BINNE IN JOU GEMEENTE/KERK, of is Hy al lankal buitekant toe “georganiseer”???

ONTHOU DAN WAARVANDAAN JY UITGEVAL HET!
Waar, wanneer, hoe en waarom het jy begin verloor wat Christus so duur vir jou gekoop het? Gaan terug en bekeer jou. Dink daaraan hoe dit aan die begin was. Die opregte en egte blydskap, geluk en genot om Jesus te dien. Doen dit weer!

Die oorwinningslone:

- (1) Open 2:7 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.** Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.
- (2) Open 2:11 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.** Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.
- (3) Open 2:17 **Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.** Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.
- (4) Open 2:26 En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,
Open 2:27 en hy sal hulle **regeer met 'n ysterstaf**; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.
Open 2:28 En Ek sal hom die môrester gee.
- (5) Open 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
- (6) Open 3:12 Wie oorwin, **Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak**, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.
- (7) Open 3:21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

'n Beskrywing van Hom, wie met die gemeentes spreek:

- (1) Open 2:1 **Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê** Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel

tussen die sewe goue kandelaars:

- (2) Open 2:8 En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:
- (3) Open 2:12 En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het:
- (4) Open 2:18 En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê **die Seun van God wat oë het soos 'n** vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:
- (5) Open 3:1 En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.
- (6) Open 3:7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfía: Dít sê die Heilige, die Waar-agtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:
- (7) Open 3:14 En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:

God verander NOOIT!

Die Bybel leer ons dat God nooit verander nie! Daarom kan ons met vrymoedigheid aanneem dat dít wat Hy, in die briewe aan die gemeentes, verafsku het of aanbevelingswaardig gevind het nog steeds geld vir die kerk van vandag.

Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Jak 1:17 Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.

Volgens die briewe aan die sewe gemeentes, bevind ons dan nou die volgende aanbevelings ook van toepassing op die kerk van van-

dag.

Liefde: (Open 2:19)

1Kor 13:1 Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het **nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal** geword.

1Kor 13:2 En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, so dat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.

1Kor 13:3 En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.

1Kor 13:4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,

1Kor 13:5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,

1Kor 13:6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.

1Kor 13:7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Geloof: (Open2:13,19)

Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid

Ywer vir God en Sy werk:

Open3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan

ywerig en bekeer jou.

2Kor 5:9 Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe, of ons in-
woon of uitwoon, om Hom welbehaaglik te wees.

Tit 2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle on-
geregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig,
ywerig in goeie werke.

Werke: (Open 2:2, 9, 19)

Open 3:8 Ek ken jou werke. **Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur**
gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het
my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

1Tim 6:18 dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie
werke, vrygewig, mededeelsaam,

Jak 2:26 Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die
geloof sonder die werke dood.

Diens: (Open 2:19)

Rom 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as
werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van
God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as
werktuie van geregtigheid in die diens van God.

Rom 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot
beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte
is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie of van die sonde
tot die dood, of van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

Efes 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diens-
knegte van Christus wat die wil van God van harte doen.

2Tim 2:4 **Niemand wat 'n krygsman is, wikkel hom in die werk**
saamhede van die lewensonderhoud nie, sodat hy die een kan

behaag wat hom vir die diens gewerf het.

Reinheid:

Open 3:4 Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.

1Tim 4:12 **Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld** vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid.

1Joh 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.


Lydsaamheid: (Open 2:2, 19)

Open 3:10 Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

Open 5:3 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk,

Rom 5:4 en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop;

1Tim 6:11 Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid.



Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te ontmoet,

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek spreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (044) 696-5891
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

